Brambles

# Beleid oor gasvryheid en geskenke

**Brambles Limited**

Hersien: 01 Julie 2023

# BELEID OOR GASVRYHEID EN GESKENKE

Brambles se optrede en verhoudings moet ons deurlopende verbintenis tot die handhawing van die hoogste sake-, etiek- en nakomingstandaarde – soos ons Gedragskode dit uiteensit – weerspieël.

Ons weet dat gasvryheid 'n belangrike rol kan speel in die kweek en instandhouding van verhoudings met ons kliënte en ander derde partye. Net so is daar kere wanneer die aanbied of ontvang van 'n klein geskenkie gepas kan wees. Dit is egter altyd belangrik om te onthou dat die ontvang of aanvaarding van geskenke en gasvryheid misbruik kan word, wat tot onnodige risiko vir ons besigheid lei. Hierdie Beleid oor gasvryheid en geskenke het ten doel om ons te help om hierdie risiko's – wat omkopery, korrupsie, invloedsmousery en agterafbetalings insluit – te vermy en versterk ons verbintenis om elke liewe dag reg op te tree.

## 1. Omvang

Hierdie Beleid oor gasvryheid en geskenke geld vir Brambles en sy Groepmaatskappye (gesamentlik, **Brambles**) en alle beamptes, direkteure en werknemers (gesamentlik, **werknemers**). Werknemers moet nie net hulleself met hierdie Beleid vertroud maak en dit nakom nie, maar dieselfde doen met enige plaaslike wet of plaaslike beleid wat deur hulle plaaslike sake-eenheid vasgestel is. Indien daar enige inkonsekwentheid of teenstrydigheid tussen hierdie Beleid oor gasvryheid en geskenke en enige plaaslike wet of beleid is, geld die strengste verpligting.

**2. Definisies.** Die terme hieronder sal, vir die doel van hierdie Beleid, die volgende betekenis hê:

a. **Geskenke** is waardevolle items wat Brambles of een van sy werknemers vir 'n Derde Party aanbied of by 'n Derde Party ontvang. Geskenke kan die volgende insluit, maar is nie beperk daartoe nie: handelsware soos geskenkmandjies, wyn, klere, bekers, penne, versamelitems en gasvryheidsakke, asook kaartjies om sport-, musiek- of kulturele geleenthede fisies of virtueel by te woon waar u en die entiteit (hetsy Brambles of 'n Derde Party) wat die kaartjies voorsien nie die geleentheid saam bywoon nie.

b. **Regeringsamptenaar** beteken wat dit in Brambles se Teenomkoperybeleid beteken en sluit enige entiteit in staatsbesit in, maar is hoegenaamd nie beperk daartoe nie.

c. **Gasvryheid** verwys in die algemeen na etes en vermaak en sluit die volgende in:

- Aptytwekkers, voorgeregte, drankies, nageregte, ander kos en drinkgoed of etes; en
- Kaartjies om sport-, musiek- of kulturele geleenthede fisies of virtueel by te woon waar u en die entiteit (hetsy Brambles of 'n Derde Party) wat die kaartjies voorsien die geleentheid saam bywoon.

d. **Derde Party** beteken enige nie-Brambles-werknemer – insluitend kliënte, voornemende kliënte, verskaffers, voornemende verskaffers, diensverskaffers, voornemende diensverskaffers en enige persoon met wie Brambles sake doen of moontlik sake kan doen.

## 3. Verwysingsgids

Mits daar voldoen is aan al die ander vereistes wat in hierdie Beleid oor gasvryheid en geskenke uiteengesit word, sit die volgende verwysingsgids die nodige goedkeurings uiteen:

| Tipe Derdeparty-aanbieding of ontvangs van geskenk of gasvryheid | Geskenk of gasvryheid of albei | Die geskenk of gasvryheid se kleinhandelwaarde (VSA$) | Gereeldheid | Vereiste goedkeurings |
|---|---|---|---|---|
| Regeringsamptenaar of familielid van regeringsamptenaar | Albei | Enige bedrag | Enige tyd, ongeag die gereeldheid | Slegs met voorafgoedkeuring deur die Brambles-etiekgroep |
| Nieregerings- derde party | Gasvryheid | Billik, gegewe die omstandighede | Eenmalig of ongereeld | Geen goedkeuring vereis nie |
| Nieregerings- derde party | Geskenke | Tot en met VSA$75,00 | Eenmalig of ongereeld (indien daar verskeie geskenke binne een jaar is, moet die geskenke se waarde opgetel word om billikheid te bepaal) | Geen goedkeuring vereis nie |
| Nieregerings- derde party | Geskenke | Tussen VSA$75,00 and VSA$250,00 | Eenmalig of ongereeld (indien daar verskeie geskenke binne een jaar is, moet die geskenke se waarde opgetel word om billikheid te bepaal) | Slegs met lynbestuurder se voorafgoedkeuring |
| Nieregerings- derde party | Geskenke | Meer as VSA$250,00 | Eenmalig of ongereeld (indien daar verskeie geskenke binne een jaar is, moet die geskenke se waarde opgetel word om billikheid te bepaal) | Slegs met lynbestuurder se voorafgoedkeuring<br>+<br>Voorafgoedkeuring deur die Brambles-etiekgroep |

## 4. Hantering van gasvryheid en geskenke

### a) Geskenke

Geskenke kan – onderhewig aan enige plaaslike wet of ander beperkings wat in hierdie Beleid oor gasvryheid en geskenke uiteengesit word – aan ’n derde party gegee of deur ’n derde party ontvang word, mits dit sporadies gebeur, vir die uitsluitlike doel om ’n sakeverhouding te kweek of te verbeter en dit nie meer as ’n gekombineerde waarde van VSA$75,00 in enige finansiële jaar oorskry nie. Voordat Brambles-werknemers geskenke aanbied of aanvaar, moet hulle verseker dat:

- Daar ’n geldige sakebelang is wat aanbieding of aanvaarding van die geskenk betref;
- Die waarde van die geskenk binne perke is en nie VSA$75,00 oorskry nie;
- Dit nie as ’n omkoopsom, afbetaling, agterafbetaling of onvanpaste fooi versoek, gevra of aangebied word nie;
- Dit ongereeld van aard is en bly;
- Dit nie in die tyd direk voor of tydens ’n tenderproses of kontrakonderhandelinge is nie;
- Dit nie die skyn (of stilswyende verpligting) van voorkeurbehandeling skep nie; en
- Dat dit deur die Derde party se beleide toegelaat word.

Indien u enige enkele geskenk wil aanbied of aanvaar wat meer as VSA$75,00 kos, of verskeie geskenke in dieselfde jaar van dieselfde Derde party wat gesamentlik meer as VSA$75,00 kos, moet u u lynbestuurder se skriftelike vooraftoestemming kry. Indien u enige enkele geskenk wil aanbied of aanvaar wat meer as VSA$250,00 kos, of verskeie geskenke in dieselfde jaar van dieselfde Derde party wat gesamentlik meer as VSA$250,00 kos, moet u u lynbestuurder en die Brambles-etiekgroep se skriftelike vooraftoestemming kry. Onder party omstandighede kan die Brambles-etiekgroep eis dat u een of meer geskenke terugstuur indien hulle besluit dat die geskenke van die Derde party (se aantal of waarde) oordadig is of ’n wesenlike, potensiële of vermeende botsing van belange skep.

### b) Berekening van geskenke se waarde

Gebruik die benaderde kleinhandelwaarde om ’n geskenk of gasvryheid se waarde te bepaal. Die waarde van ’n konsert- of sportgeleentheidkaartjie sal byvoorbeeld die verklaarde prys van die kaartjie wees.

### c) Gasvryheid

Net so kan werknemers gewoonlik – onderhewig aan enige plaaslike wet of ander beperking wat in hierdie Beleid oor gasvryheid en geskenke uitgestip word – gasvryheid aanbied of aanvaar, mits dit billik, in pas met die sakeverhouding en regverdigbaar is ingevolge Brambles se beleide, insluitend Brambles se beleide oor Teenomkopery en Vermyding van Botsende Belange.

Wanneer Brambles-werknemers gasvryheid aanbied of aanvaar, moet hulle verseker dat:

- Daar ’n geldige sakebelang is wat aanbieding of aanvaarding van die gasvryheid betref;
- Die waarde van die gasvryheid binne perke is en nie enige toepaslike plaaslike monetêre perke, soos wat plaaslike wetgewing en plaaslike beleid bepaal, oorskry nie;
- Dit nie as ’n omkoopsom, afbetaling, agterafbetaling of onvanpaste fooi versoek, gevra of aangebied word nie;

**WERKNEMERS MOET GESKENKE EN VERMAAK VERSIGTIG HANTEER EN OMKOPERY- EN KORRUPSIERISIKO’S IN AG NEEM, ASOOK POTENSIËLE BOTSINGS VAN BELANGE**

Werknemers moet dit in gedagte hou en nie die volgende doen nie:

- Enige geskenke of gasvryheid bespreek, aanbied of ontvang wat enige regeringsamptenaar of hul familielede betrek sonder om eers skriftelike voorafgoedkeuring by die Brambles-etiekgroep te kry nie;
- Enige geskenke of gasvryheid of enige ander plaaslike gunste aanbied of ontvang wat – werklik of skynbaar – ten doel het om sakebesluite te beïnvloed of ’n verpligting te skep om iets in ruil daarvoor te doen;
- In die tyd direk voor ’n tenderproses of kontrakonderhandelinge enige geskenke of gasvryheid aanbied of ontvang;
- Enige kontant- of kontantsoortige geskenke – byvoorbeeld loterykaartjies, geskenksertifikate, -bewyse, lenings, waarborge of enige ander kredietverlening, aandele of opsies – aanbied of ontvang; of
- Enige geskenk of gasvryheid aanbied of ontvang wat nie strook met Brambles se Wêreldwye beleid oor waardigheid by die werk nie, wat Brambles se reputasie leed kan aandoen (bv. enige seksueel onwettige, onvanpaste of “volwasse” vermaak) of wat weens plaaslike standaarde of gebruike aanstoot kan gee.

- Dit ongereeld van aard is en bly;
- Dit nie in die tyd direk voor of tydens 'n tenderproses of kontrakonderhandelinge is nie;
- Dit nie die skyn (of stilswyende verpligting) van voorkeurbehandeling skep nie;
- Dit smaakvol is, met ons ander beleide strook en by 'n gepaste sakeplek gebeur;
- Dit billik en gepas in die konteks van die sakegeleentheid en die partye se onderskeie posisies is; en
- Dat dit deur die Derde party se beleide toegelaat word.

Indien 'n Derdepartyverteenwoordiger nie die ete of vermaak saam met die Brambles-werknemer bywoon nie, word die ete of vermaak as 'n geskenk beskou en deur die geskenkriglyne gedek.

### 5. Aanbied van geskenke en gasvryheid aan regeringsamptenare

Voordat geskenke of gasvryheid aan enige Derde party gebied of van hulle aanvaar word, is dit belangrik om te weet of hulle – volgens die omskrywing in Brambles se Teenomkoperybeleid – 'n Regeringsamptenaar of familielid van 'n Regeringsamptenaar is. Regeringsamptenare is gewoonlik onderhewig aan bykomende beperkings en verbiedinge. Voordat enige geskenke of gasvryheid (ongeag die waarde) aan enige Regeringsamptenaar of een van hulle familielede gebied of van hulle aanvaar word, moet u eers die Brambles-etiekgroep raadpleeg en goedkeuring by hulle kry.

### 6. Akkurate rekordhouding

Werknemers moet hul eie rekords van geskenke en gasvryheid vir inspeksie hou en verseker dat enige besteding wat met geskenke en gasvryheid verband hou wat deur, namens, of tot voordeel van Brambles verskaf is, met behulp van Brambles se uitgaweverwerking- en -verrekeningstelsel goedgekeur word.

### 7. Geskenke aan ander Brambles-werknemers

Werknemers mag vir hul kollegas persoonlike geskenke gee wat smaakvol, billik en gepas is en wat nie op die oog af botsende belange skep nie. Die werknemer moet die persoonlike geskenke betaal en dit nie as 'n Brambles-onkoste hanteer nie.

Persoonlike geskenke (insluitend geskenkkaarte) moenie as prestasietoekennings aan werknemers gebied word nie. Prestasietoekennings moet ingevolge Brambles se goedgekeurde programme met behulp van die plaaslike uitgaweverwerking- en -verrekeningstelsel verskaf word.

### 8. Voldoening aan hierdie beleid

Alle werknemers moet tyd afstaan om hierdie Beleid oor geskenke en gasvryheid te lees en dit te verstaan. Versuim om aan hierdie beleid te voldoen kan tot dissiplinêre optrede lei, tot en insluitend beëindiging van diens.

### 9. Verantwoordelikheid vir die sukses van hierdie beleid

Brambles se Direksie aanvaar oorhoofs verantwoordelikheid vir hierdie Beleid oor geskenke en gasvryheid. Die Voldoeningshoofbeampte het die daaglikse bedryfsverantwoordelikheid vir hierdie beleid en moet verseker dat alle werknemers gereelde, gepaste opleiding ontvang.

Die Voldoeningshoofbeampte, in samewerking met die Brambles-direksie, sal hierdie beleid gereeld vanuit 'n regs- en bedryfsoogpunt nagaan. Hierdie beleid vorm nie deel van 'n party of enige werknemer se kontrak of skep andersins een nie, en dit kan van tyd tot tyd gewysig word. Werknemers word uitgenooi om kommentaar op hierdie beleid te lewer en maniere voor te stel waarop dit verbeter kan word. Kommentaar of voorstelle moet aan die Voldoeningshoofbeampte gerig word.

### 10. Die aanmelding van kwellings of misstappe ingevolge Brambles se Praat uit-beleid

Deursigtigheid is deel van die Brambles-kultuur; 'n oop, eerlike werkplek help ons om na mekaar om te sien en beskerm ons daarteen om in moeilike situasies te beland. Indien u enige vrae oor hierdie Beleid oor gasvryheid en geskenke het, of as u 'n potensiële oortreding daarvan wil aanmeld, praat asseblief met u lynbestuurder, u plaaslike Menslikehulpbronneverteenwoordiger, enige lid van die Regsafdeling, Wêreldwye etiek en voldoening, of die Interne Ouditspan, of enige ander persone wat gemagtig is om klagtes te ontvang, soos uiteengesit in Brambles se Praat uit-beleid. U kan ook vermoedelike oortredings van hierdie beleid deur Brambles se Praat uit-hulplyn aanmeld deur die webwerf te besoek by www.brambles.ethicspoint.com of deur die toepaslike telefoonnommer vir u ligging te bel wat op die Praat uit-plakkate verskyn wat oral in u werkplek opgesit is.

In ooreenstemming met Brambles se Praat uit-beleid sal geen vergelding- of weerwraakstappe teen enige werknemer gedoen word as kwellings ingevolge hierdie Beleid oor geskenke en gasvryheid geopper word nie. Brambles is daartoe verbind om kwellings van werknemers te ondersoek, te hanteer en daarop te reageer, en om gepaste korrektiewe stappe in reaksie op enige oortreding te doen.